

20 Junie 2021

MIK VIR DIE TEIKEN!

1 Samuel 17:32-49

Speel "10 pin bowling" met leë koeldrank botteltjies en gebruik 'n groterige bal om die botteltjies te probeer omrol. Kyk wie kry almal met een rol alles omgegooi.

Kom ons speel nog 'n speletjie.

Pak plastiek koppies op die tafel uit (toringtjies of net plat). Die keer moet jy 'n kleinerige bal vat en die koppies van die tafel af gooi. Dit verg 'n ander tegniek as met die "10 pin bowling".

Soms lyk 'n speletjie maklik, totdat jy dit self probeer doen.

Elke speletjie se doel was om die teiken om te kry, maar elke speletjie het 'n ander tegniek gebruik. Dalk het een makliker as die ander een gelyk, of jy het dalk gedink jy sal makliker iets kan omrol as omgooi of andersom. Dit is eers wanneer jy self die tegniek moet gebruik wat jy agterkom wat vir jou makliker en wat vir jou moeiliker is.

Vir wie is dit maklik om 'n bal met 'n raket raak te slaan? Of wie vind dit makliker om 'n basketbal in die basketbal ring te gooi? Almal kan nie alles ewe goed doen nie, maar die een wat oefen en gereeld die tennisbal slaan of die basketbal ingooi, sal dit al makliker raak want hulle sal presies weet wat om te doen, hoe ver om te staan, hoe hard om te slaan of te gooi. Saam met baie oefening, kom groot oorwinnings.



Liedboek 549 Daar's vissies in die water

Daar's vissies in die water

Kyk hoe swem hul rond

Daars voëltjies in die lug

En daar's diere op die grond

Daar's blomme in die velde

Daar's riete in die vlei

Wie sou dit als gemaak het?

Die Here, ja dis Hy!

Liedjie: Wie's die Koning

Wie's die Koning van die oerwoud;

(hoe-ha, hoe-ha / slaan op jou borskas soos King Kong)

Wie's die Koning van die see;

(borrel, borrel, borrel / sit hande by skouers en beweeg op)

Wie's die Koning van die groot heelal en alles vir ons gee.

Sy naam is J - E - S - U - S, J - E - S - U - S, JESUS!

Hy's die Koning van die oerwoud;

(hoe-ha, hoe-ha)

Hy's die Koning van die see;

(borrel, borrel, borrel)

Hy's die Koning van die groot heelal en alles vir ons gee.

Sy naam is J - E - S - U - S, J - E - S - U - S, JESUS!



Nadat Samuel vir Dawid gesalf het vir die volgende koning van Israel, het God reeds in Dawid se hart gewerk en hom voorberei vir die werk wat vir hom as koning wag. Intussen was Saul steeds koning van Israel.

Op 'n keer het Dawid vir sy broers kos gevat op die vegveld. Dawid was baie hartseer toe hy hoor hoe die Filistyne teen wie die Israeliete geveg het, die God wat hy aanbid het gevloek het. Dawid het geweet hy moet iets doen. Saul en die hele Israel was bang gewees vir Goliat omdat hy soos 'n reus was, baie groot en baie sterk. Niemand wou teen hom veg nie, maar al was Dawid klein, het hy geweet dat met God aan sy kant, kan hy die reus verslaan en doodmaak.

Dawid het geweet wat hy goed kan doen, want hy moes elke dag skape oppas en veilig hou en hy het geweet hy veg nie soos wat mense gewoonlik veg nie, maar as hy vir God vra om hom te help, sal die Here sy klippie in die slingervel kan gebruik om die reus dood te maak. En daarom het hy gemik en die reus verslaan.

Dalk ken julle die verhaal in die Bybel uit julle koppe uit. Maar kom ons lees dit vandag weer uit die Bybel.

Lees vir die kinders voor uit 1 Sam. 17:32-49

Dawid kon probeer om te veg soos wat mense dit sou doen. Maar niemand van die soldate of Saul wou eers met hulle toerusting en beskerming, vir die reus probeer veg nie. Dawid het nie probeer om iemand te wees wat hy nie was nie. Hy het geweet dat God hom sal help, want dit is hoe hy vir God leer ken het al die jare wat hy die vee in die veld opgepas het. Dawid het net soos wat hy was, homself vir God gegee om te gebruik en met sy talent vir God te verheerlik. Mense het nie meer in die mens vasgekyk en gedink kyk hoe oulik is Dawid nie, nee, hulle het gesien dat God in beheer is. God het Dawid gebruik om die geveg te wen. Dawid het ook vir die reus gesê dat hy kom in die Naam van die Here en die Here sal die geveg wen. En dit het ook gebeur.

God wil jou ook gebruik, net soos jy is. Dawid het nie daarvan gehou toe Goliat vir God gevloek het nie. Hy het daarteen opgestaan. Wanneer maatjies lelik is met iemand of lelik praat moet ons kan sê dat dit nie reg is nie en die regte ding doen. Stop dit wat verkeerd is in die Naam van die Here.

Wat is jou klippie?

Wat kan jy goed doen? Dit wat jy goed kan doen is soos een van Dawid se klippies.

Kry vir jou 'n sakkie en sit 5 klein klippies in om jou te herinner om goed te doen vir ander.

Almal van ons kan iets goed doen wat vir iemand anders iets kan beteken. Jy moet dalk nog net uitvind wat dit is. Vra gerus vir mamma of dalk een van jou maats waarin hulle dink jy goed is. Gebruik dit om goed te doen vir ander.

Dalk kan jy goed sing en kan jy iemand se hart bly maak deur vir hulle 'n liedjie te sing. Dalk is jou klippie om 'n mooi kaartjie te maak vir iemand wat alleen is. Dalk is jou klippie om op te staan teen die boelies wat jou maatjie slegsê – praat hulle aan en sê dit is verkeerd om iemand te boelie en wees jy 'n goeie maatjie.

Kyk gerus die week wat jy kan goed doen, en wat die ander in jou familie kan goed doen. Vertel vir mekaar by jul volgende huisgodsdienste, wat elkeen goed doen en so Jesus se liefde versprei.

DANKIE JESUS DAT U NA MY HART KYK EN VIR MY LIEF IS. HELP MY OM ELKE DAG SO TE LEWE DAT MY LEWE SAL VERTEL VAN U LIEFDE. AMEN



Dawid oorwin Goliat met net een klippe.

